



# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

## Nuusbrief Newsletter

04 | 2024  
16 | 02 | 2024

### BELANGRIKE DATUMS

Vr., 16 en Sat., 17 Feb: T4J Tennistoernooi (tuis)  
Sat., 17 Feb: Atletiek Suid-Boland Kampioenskappe (tuis)  
Vr, 23 Feb: Drive Thru met kerrie & rys, vetkoeke ens.  
(hokkiefondsinsameling)  
Sat, 24 Feb: O/19A-krieket vs HS Montana  
Damestee (O/19A-ruabv fondinsamelina)

### GELUKKIGE VERJAARSDAG

Wo., 21 Feb.: Me C du Toit  
Sa., 24 Feb.: Mnr T Kriel  
So., 25 Feb.: Me E Genis



### GR 12 NSS 2023-VAKPRESTASIE

#### Fisiese Wetenskappe met die beste uitslae in die Overberg: HOËRSKOOL BREDASDORP

Baie geluk aan me C du Toit en haar gr 12 NSS FW-leerders van 2023. Voorwaar 'n uitstekende prestasie!

### PERSONEEL

- Baie welkom aan mev Ella Scheepers wat vanaf Maart aangestel is in van mev Heunis se pos. Ons glo sy sal baie gelukkig wees by die BD-familie.
- Mnr William Matthys (adjunkhoof) tree aan die einde van die eerste kwartaal af. Ons wens hom 'n geseënde aftrede toe.

### ROLBAL

Die BD-personeel se A- en B-spanne rol elke Woensdag hul rolballe in die Besigheidsliga se rolbalkompetisie. Die personeel het Woensdagaand teen mekaar gespeel en die A-span het as wenner uit die stryd getree.

Voorspoed, BD-personeel! Ons hou duime vas vir goeie uitslae, maar ook vir groot pret.

Baie dankie aan mnr Riaan Nagel (klublid) wat as afrigter van die B-span optree.



### BELANGRIKE E-POSADRESSE

Vir u gerief verskaf ons graag die volgende e-posadresse:

Skoolgeld: [skoolgeld@hsbredasdorp.co.za](mailto:skoolgeld@hsbredasdorp.co.za)  
(Mnr Piet Smit)

Koshuisgelde: [finansies@hsbredasdorp.co.za](mailto:finansies@hsbredasdorp.co.za)  
(Mev Mariana Wessels)

Gansbaai bus: [ontvangs@hsbredasdorp.co.za](mailto:ontvangs@hsbredasdorp.co.za)  
(Mev Marelise Nelson)

Krediteure: [finansies@hsbredasdorp.co.za](mailto:finansies@hsbredasdorp.co.za)  
(Mev Mariana Wessels)

Toelating 2025: [admin@hsbredasdorp.co.za](mailto:admin@hsbredasdorp.co.za)  
(Mev Soretha Kotzé)

### SISTEMIESE TOETSE (gr 9 van 2023)

Die gr 9's van 2023 het in Oktober 2023 'n WKOD-toets in Wiskunde en Tale geskryf.

Hoërskool Bredasdorp se uitslag is as volg:

Wiskunde: 56.0% (vanaf 2022 met 6% gestyg)

Taal: 91.1% (met 16% gestyg)

Geluk aan die BD-span met hul goeie uitslae!

Die Wes-Kaap se uitslag is as volg:

Wiskunde: 20.5%

Taal: 51.6%






# Valentynsbal

Wat spel rooi harte, vrolike ballonne, 'n mooi getooide skoolsaal, jongdames, sjarmante jongmanne en hope energie? Die BD's se jaarlikse valentynsbal, natuurlik.

Vanjaar het die aand afgeskop met die gr 8-nuwelinge wat, gewapen met hulle besemstokke en oorgenoeg entoesiasme, die eerste uur saam met die matrikulante kon bywoon. Al was hul eerste amptelike hoërskoolsokkie net 'n uur lank vir dié groentjies, het hulle dit verskriklik geniet. Daarna het die glansaand aan die gr 9 tot 12-BD's behoort.

Die feit dat die dansbaan die ganse aand omtrent stampvol was, wys dat vanjaar se matriekraad, onder leiding van mee Estelle Genis en Eloïse du Plessis, hulle uitstekend van hul taak gekwyd het. Die BD's het definitief geen tekort aan gees nie. Hulle wéét hoe om die lewe te geniet.









Twee HSB-gholfspanne het op Worcester aan die Boland skole gholfliga deelgeneem. Dit was 40° Celcius en 'n sterk wind het gewaai. Die beste tellings is deur die volgende leerders aangeteken:

Kyle Willeman 11 punte  
Zander Niemand 12 punte  
Matthew Brooks 13 punte  
Kevin Goliath 16 punte  
Edmund O'Ehley 20 punte

Welgedaan, seuns!



V.l.n.r: Zander Niemand, Kevin Goliath, Alexander Janse van Rensburg, Kyle Willeman, Christiaan Stoltz, Damian Hansen, Matthew Brooks, Edmund O'Ehley

## KRIEKET

### O/15 vs Curro Hermanus (8 Februarie)

Bredasdorp kolf eerste en teken 113 lopies in 25 boulbeurte aan.

Justin Bailey teken 24 lopies aan, Edmund O'Ehley 21 lopies nie uit nie en Daniel du Toit 21 lopies.

Curro het daarna 105 vir 7 paaltjies in 25 boulbeurte aangeteken. Hul moes in die laaste boulbeurt nog 10 lopies aanteken, maar kon nie daarin slaag nie. Christiaan Scholtz en Tiaan Scheepers neem elkeen 2 paaltjies nadat die BD's se boulders pragtig teruggeveg het.

Die BD's wen met 6 lopies! Baie geluk, seuns!



### 1ste Span vs HTS Drostyd

Die 1ste krieketspan het onlangs in Worcester teen HTS Drostyd se 2de span gespeel.

Die BD's wen die loot en kies om eerste te kolf. Ons teken 179 aan waarvan Kiethon Arries 76 lopies inpalm.

Bredasdorp verloor ongelukkig met 7 paaltjies, met Alexander Janse Van Rensburg wat in sy 10 boulbeurte slegs 25 lopies afgestaan en 1 paaltjie geneem het.

Dit was warm en die manne het goeie veggees gewys. Ons is trots op julle!



**JAARTEMA:  
CONNECT**



## TENNIS

### UITSLAE ( DOGTERSPAN):

#### VRIENDSKAPLIKE WEDSTRYD

🏸 vs HS Bellville  
Wen 11-1

#### AGNES PAUW-TOERNOOI (Moorreesburg) (9-10 Februarie)

🏸 vs HS Dirkie Uys  
Verloor 3-6

🏸 vs HS Parel Vallei  
Verloor 2-7

🏸 vs HS Hugenote  
Verloor 4-5

🏸 vs HS Swartland  
Verloor 3-6

🏸 vs Paarl Girls High  
Verloor 0-9



V.l.n.r.: Lisa Bredell, Fayannette Kruger, Nina Terblanche, Minke du Toit, Anja Geyer, Melissa Saayman, Minke Terblanche, Mieke Saayman

#### 🏸 1ste Span vs HS Swellendam 1: 13 Februarie

🏸 Seuns wen 4-2  
🏸 Dogters wen 5-1

#### 🏸 Uitslae teen Worcester Gim: 13 Februarie

🏸 Dogters: HSB 1 vs WG 1 = wen 5 - 1  
🏸 Seuns: HSB 1 vs WG 1 = verloor 0 - 6

## JEUGSKOU (Riversdal Landbouskou) – 15 Februarie 2024

Tien BD's het op 15 Januarie aan verskeie afdelings van die Riversdal Streeksjeugskou deelgeneem. Hoewel die "Braai met briquettes" vir hulle 'n totaal nuwe ervaring was, het dié leerders hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Voorwaar kokke en entrepreneurs wat nie terugdeins vir 'n uitdaging nie.

Perde klas: Ruan Temmers: 6de

Kulinêre kuns: Rosalia Botha: 2de

Matt Fortuin: 3de

Ina-Mari Augustyn: 4de

Taygan Jameson: 5de

Suiwelbereiding: Willem Strauss: 1ste

Fayannette Kruger: 2de

Dit was n goeie leerskool vir die leerders, veral die wat nog nooit met briquettes gebraai het nie.



Fayannette Kruger en Willem Strauss



Matt Fortuin



V.l.n.r.: Taygan Jameson, Matt Fortuin, Ina-Mari Augustyn, Rosalia Botha



André Smit, gr 9, het op Saterdag, 10 Februarie, naby Malmesbury, aan die **99er 50 km padfietswedren** deelgeneem waar hy sy staal gewys en die volgende uitslae behaal het:

10de plek Algeheel uit 512 deelnemers  
2de (uit 21 deelnemers) in die O/15-ouderdomsgroep

Baie geluk, André!

**KWARTAALTEMA**  
Connect with People

**JAARTEMA:**  
**CONNECT**



## Overberg Wealth and Risk Management T4J Dubbelstoernooi 2024



		Napier (2)	HSB onder (3)	HSB bo (2)	Laerskool (2)	Klub (3)	Lugmagbasis (2)
Vrydag, 16 Feb.	Rondte 1: 7:00	Bellville t Swartland	Brackenfell t Punt	Augsburg t Bredasdorp	Dirkie Uys t Volkskool	Charlies t LH Gim	Durbanville t Parel Vallei
	Rondte 2: 11:00	Punt t Swartland	Augsburg t Bellville	Brackenfell t Bredasdorp	Parel Vallei t Volkskool	Charlies t Dirkie Uys	Durbanville t LH Gim
	Rondte 3: 15:00	Augsburg t Punt	Brackenfell t Swartland	Bellville t Bredasdorp	Charlies t Volkskool	LH Gim t Parel Vallei	Dirkie Uys t Durbanville
Saterdag, 17 Feb.	Rondte 4: 7:00	Augsburg t Brackenfell	Bellville t Punt	Bredasdorp t Swartland	Durbanville t Volkskool	Dirkie Uys t LH Gim	Charlies t Parel Vallei
	Rondte 5: 11:00	Bellville t Brackenfell	Augsburg t Swartland	Bredasdorp t Punt	LH Gim t Volkskool	Charlies t Durbanville	Dirkie Uys t Parel Vallei





# HOËRSKOOL BREDASDORP

## OPEDAG

CONNECT met die *BVD's*


Register Now

📅 26 FEB 2024  
18:00



SCAN ME

🌐 [www.hsbredasdorp.co.za](http://www.hsbredasdorp.co.za)  @hoërskoolbredasdorp  @hsbredasdorp



Stof af jou hoed, ons hou

## Dames Tee

Motiveringsprekers:  
**CARMEN JAGERS OOR  
VROEGESONDHEID**  
**ABBY DAMON OOR  
SELF LIEFDE**

Pryse te wen met die  
spoggerigste hoed

24 Februarie, 2024 @ 11AM  
@ R100 PP

Plek: Bredasdorp Hoërskool  
 Kontak: Carien +27 76 959 4832

Ten Bate van 0/19 A Rugbyspan

## MEL DIE STORIEVERTELLER

### DIK DEURMEK AAR

 Tyd  
18h30 vir 19h00

 Vrydag  
12 April 2024

 NG Kersaal  
Kerkstraat  
Bredasdorp

 R200  
per persoon

Kaartjies beskikbaar by:  
 Hoërskool Bredasdorp Ontvangs  
 Aanlyn deur Quicket



**GEEN KINDERS  
ONDER 16 JAAR**










HOKKIE-  
FONDSINSAMELING

23  
FEBRUARY  
2024

## MENU / SPYSKAART

**BOEREWORSROL / BOEREWORS ROLL**

met tamatiesous / with tomato sauce	R25
met tamatiesmoor / with tomato smoor	R30

**VETKOEK**

Gewoon / Plain	R20
Kaas en konfyt / Cheese and jam	R30
Kerrie Maalvleis / Curry Mince	R35

**KERRIE EN RYS / CURRY AND RICE** R40

**KOELDRANK / COOLDRINK**

Coke	R20
Coke Zero	R20
Fanta	R20

Bestel voor 21 Februarie 2024 by HSB hokkiespelers.  
*Order before 21 February from any BHS hockey player.*  
 Vir enige verdere navrae kontak Juf Olivier by 0729819050  
*For any further inquiries contact Ms Olivier at 0729819050*























